

Bybelvertalings

Dr. Ronnie vd Merwe, Majuba 2012.

Ons hanteer nou 'n saak wat 'n konsilie van maande of selfs jare vereis om deurgepraat te word.

Die aanraak en die evaluering van Bybelvertalings is egter krities noodsaaklik aangesien dit gaan daaroor of die Bybel wat ek bestudeer 'n getroue weergawe van die Woord van God is wat bedoel is as 'n lig vir Sy kinders se pad.

In die ware Heilige Skrif weerspreek God Homself nie. Die bekendmaking van die Evangelie van Christus sal sinkroniseer met die vooruitskouings wat JHWH(DIE HERE) deur sy profete gegee het.

Die Vader het self bekend gemaak: "Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehag het." En die apostel Petrus sê: "geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."

Indien daar korruptering sou plaasvind sou ons dit by die Nuwe Testament verwag aangesien dit die aanvalspunt van Satan sou wees in oorlog teen Jesus/JaHshua as die Seun van God (JHWH).

So vind ons dan dat die meeste verwarring voortspruit uit die gebruik van grondtekste waaruit die Nuwe Testament (N.T.) vertaal word.

Ons neem dan kortliks die N.T. in oënskou. Vir die N.T. in die Nuwe Afrikaanse Vertaling(N.A.V.) is gebruik gemaak van die Griekse grondteks soos gepubliseer deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (U.B.S.) onder die titel: "The Greek New Testament."(GNT)

Hierdie Griekse Nuwe Testament is identies aan die 26^{ste} uitgawe van die Nestlé-Aland Griekse Nuwe Testament.

Die 1933/53 vertalers het gebruik gemaak van die Textus Receptus manuskripte omdat Prof J.D. du Toit (Totius) geweier het om die Nestlé-Aland teks te gebruik. Tydens die Hervorming word hierdie teks as grondslag gebruik en dien ook dan as grondteks vir o.a. Luther se Duitse vertaling (1522), die Engelse King James Version (1611), die Nederlandse State vertaling (1637) en ons eie 1933/53 vertaling.

In Antiogië waar JaHshua(JESUS) se volgelinge vir die eerste keer Christene genoem is, wou hulle 'n Bybel in eie taal hê. So vroeg as 150 n.C. was daar al 'n Siriese weergawe vanuit die oorgelewerde teks. Sendelinge het vanaf Klein-Asië en Judéa na Noord-Italië, Frankryk en Brittanje gegaan. So het die Waldense in 157 n.C. die Latynse vertaling gemaak (die Itala). Daarna volg die Galliese (Franse) en die Keltiese (Britse) Bybels almal gebaseer op die oorgelewerde Griekse teks soos hulle dit van die sendelinge ontvang het. Al hierdie tekste is met die hand vermeerder sodat dit onder gelowiges versprei kon word.

'n Ander teks-ontwikkeling het in Alexandrië plaasgevind deur Clemens wat sterk onder die invloed van die leerstellings van Plato was. Sy student Origenes (184 n.C.) stel 'n seskolom Bybel op met variasies van Griekse en Hebreeuse tekste. - Dit word bekend as die Hexaplan.

In 331 n.C. gee Konstantyn aan Eusebius opdrag om Griekse Bybels gereed te kry. Hy gebruik die Hexaplan as grondslag. Pous Damasus gee in 380 n.C. opdrag aan Hiëronimus om 'n Latynse vertaling te maak. Hy gebruik die Konstantyn Bybel om die Vulgaat(vandag se Roomse Bybel) tot stand te bring. Vanaf 600 n.C. word die Waldense in Noord-Italië vervolgd en gepoog om die Itala te vernietig tot die verskriklike slagting wat in 1655 plaasvind. Die Itala moes vernietig word omdat dit as die vroegste Latynse Bybel die latere Roomse Bybel weerspreek het.

Daar het in die Romeinse ryk later baie tekste bestaan en tekste is versamel wat oorgeskryf was vanaf die 2^{de} eeu tot 1000 jr. n.C.

Sowat 9000 tekste van oor al die eeue is sorgvuldig met mekaar vergelyk. Sowat 90% van hierdie tekste het behalwe vir klein verskille in onbelangrike dinge (kommata en punte) 95% ooreengestem. D.w.s. as jy een gelees het, het jy almal gelees.

Dan was daar minder as 5% Skrifte wat nie net noemenswaardig van die meerderheid tekste verskil het nie, maar ook van mekaar verskil het.

In 1516 gebruik Desiderius Erasmus 'n aantal van hierdie meerderheidstekste en stel sy Griekse Nuwe Testament op. Dit is hierdie GNT wat in die Hervorming as grondslag gebruik is en (\pm 100 jaar later) bekendstaan as die Textus Receptus.

Daar is twee tekste in die minderheidsgroep wat dateer uit die 4^{de} eeu en deur sommige geleerdes beskou word as oorblyfsels van die Konstantyn Bybels. Hul staan bekend as Vaticanus en die Sinaiticus. Hierdie twee tekste verskil van mekaar met meer as 3000 verskille in die evangelies alleen.

In die 19^{de} eeu gebruik twee Cambridge geleerdes, Westcott en Hort, hierdie twee tekste om 'n GNT op te stel.

Soos reeds gesê die N.A.V. gebruik die GNT van die U.B.S. wat woordeliks ooreenstem met die Nestlé - Alant (N.A.) GNT wat vir die eerste keer in 1898 verskyn het. Hierdie N.A. maak weer tot 'n groot mate gebruik van die Westcott-Hort GNT, soos wat Erwin Nestlé - seun van Eberhard Nestlé, dan ook vermeld met die versorging van die 26^{ste} uitgawe.

Wanneer ons nou na die 1933/53 en die N.A.V. kyk vind ons honderde verskille. Hierdie verskille strek oor 'n wye reeks van terreine bv.:

- A. 1) Die Bybel is die Boek van JHWH(DIE HERE), die God van die Verbond waarin die Ou- en Nuwe Testamente bymekaar aansluit. Hierdie verbondmatigheid word op baie plekke verbreek. Die Messiaanse profesieë en die Godheid van Christus word aangetas.
 - 2) Daar is vele weglatings van woorde, verse of hele gedeeltes.
- B. Afgesien van Grondteks-verskille bring die vertaal-metode wat gevolg is, aspekte na vore soos inkonsekwenheid en verplattings, filosofiese beïnvloeding, humanistiese etiek en misvertalings van heilsbegrippe.

Waarby die 1933/53-Bybel van die letterlike vertaal-metode gebruik gemaak is, word in die N.A.V. gebruik gemaak van die dinamies-ekwivalente vertaal-metode. Hierdie metode berus op die taalkundige van die U.B.S, Eugene Nida, se metode wat die vlakke idee, naamlik 'n oppervlakstruktuur en 'n dieptestruktuur gebruik soos gebaseer op die tweevlak-idee van Clemens en Origenes in navolging van die Griekse wysgeer Plato.

Hierdie N.A.V.'s gebaseer op N.A. GNT word vandag grootliks deur ons volk gelees. Dis 'n baie ernstige vraag of die N.A.V.'s beskou kan word as 'n getroue weergawe van die oorgelewerde teks van die eerste gemeentes? Unieke navorsing bring na vore dat die N.A.V.'s nie aan hierdie vereiste voldoen nie.

Bron: Erasmus, J.C.(2008) Skrifgesag. Posbus 13, Orania, 8752